SAKE 24 (Burger Kaap), Saterdag
Saturday, 23 May 2009, p. 21

FIA-toekennings goed vir mededinging

Die land se beste versekeringsprodukverskaffers is Donderdagaand aangewys tydens die vereniging vir finansiële tussengangers (FIA) se 2009-toekennings. Met dié jaarlikse toekennings erken FIA en sy lede die produkverskaffers wat uitstaande diens, produkte en gehalte lewer.

In die kategorie vir kortter-mynversekering het Santam al drie toekennings verower in die persoonlike, kommersiële en korporatiewe kategorieë. Discovery is aangewys as die beste verskaffer van langtermynversekering (risiko-, sowel as lewensversekering), terwyl Momentum aangewys is as die beste beleggingsverskaffer. Liberty is aangewys as die wenner in die nuwe kategorie vir die verskaffing van werknemersvoordele. Discovery is ook aangewys as die voorste verskaffer in die gesondheidsorgkategorie.

"Die FIA-toekennings bied aan tussengangers die geleentheid om hul interaksie met versekeringsverskaffers te beoordeel en dit moedig gesonde mededinging tussen verskaffers aan," sê Arnold van der Linde, FIA se president. "FIA-lede beoordeel die top-versekeraars wat betref produkgehalte, gehalte van diens en verhoudinge en algehele tevredenheid."

Die toekenningseremonie is die hoogtepunt van 'n wetenskaplike, onafhanklike proses deur die navorsingshuis Bluestream Consulting. Die toekennings het vanjaar vir die vierde keer plaasgevind. Die metodologie wat gebruik word, word deur eksterne akademici in die velde van navorsing en statistiek hersien. Die navorsing is gegrond op die evaluering van 4 300 versekeringskontrakte.

"Die FIA se jaarlikse navorsingsinisiatief help om riglyne te stel vir statistiek om versekeringsprodukte en -diens te beoordeel," sê Van der Linde.

FIA-lede tree op as tussengangers vir meer as 85% van alle kortermynversekering en 40% van finansiële beplanning in Suid-Afrika. Die vereniging verteenwoordig duisende finansiëledienstetussengangers, waarvan meer as 10% by die opname ingesluit is.

Van der Linde sê die toekennings gee erkenning aan die vennootskap tussen tussengangers en versekeringsmaatskappye vir die verskaffing van waardevolle finansiële advies aan hul kliënte.

"Met so baie veranderinge in wetgewing is dit nie altyd maklik vir die finansiële tussenganger om kop bo water te hou nie, maar die diens en ondersteuning van ons diensverskaffers maak dit makliker om dié uitdaging die hoof te bied.

"Soos wat tussengangers van versekeraars verwag om uitstekende produkte en diens te lewer, so moedig FIA sy lede aan om te streef na hoë standaarde van professionaliteit, integriteit en betroubaarheid wanneer hulle met kliënte werk," sê hy.